WEEK 16 | 30 APRIL 2020
www.heilbronherald.co.za

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

STAY HOME LEVEL 4 - LOCKDOWN

The head of SAPS Heilbron, Col. John Mokheti urge residents of greater Heilbron to stay at home and help the Police to maintain the rules during lockdown. The government eased the lockdown to level 4 but and is the biggest concern that residents think that they can leave home and start socializing. **Stay at home** is still the law and will the Police and SANDF enforce this. On the crime front are residents of Phiritona up in arms about midnight robberies. Police is looking for a person who victimize residents by breaking down their front doors and rob them of cellphones and laptops. Local street patrols by the community confronted a suspicious looking person who they thought was the robber and beat him severely, only to find that he was not the culprit they were looking for, but a stock thief. Col Mokheti ask residents to keep calm and rather phone the police and not to take matters in their own hands. On Monday, people were arrested for illegal hunting with dogs on a nearby farm in Heilbron. Roadblocks and street patrolling will continue and people travelling without the necessary documents will be taken into custody. The trade of alcohol during level 4 is still forbidden. Col Mokheti has an open door policy and ask the public to phone the SAPS station or him directly should they need assistance regarding police matters.

The numbers to phone as follow:

058 853 5211/5200 or his cell 082 525 2303.

SOJABOERE WAG VIR SONSKYN

'n Boer se oë is altyd na bo gevestig hetsy om met Sy skepper te gesels of te kyk of daar weer in die lug is. Die afgelope week se reën het sojaboere ietwat ontkant gevang met aanvang van die stroopseisoen wat pas begin het. Die grondvog verhoed dat stropers in die lande kom en met die soja's wat ryp is het hulle net soveel tyd oor voordat die peule oopsring. Die gemiddelde reënval vir April is 47.15, maar vanjaar is die syfer lankal by dit verby. Mielieboere kan die gevaar loop dat laat mieliess kan kopvrot kry met die vog wat in die koppe versamel en dan die graad daarvan beïnvloed. Die laat reën kan egter ook nog 'n verskil maak om die pitte gewig te gee meen sommiges.

Gelukkig vir veeboere het die koue wat gepaard gegaan het met reën 'n manier om siektes te beperk.

VERKLARENDE WOORDE VAN DIÉ TYE

Koronamouna (s.nw) – iemand wat tydens inperking heeldag sy lot bekla

Inperkbeserk (bw) – Almal is so bietjie gek van die inperking

Grendelwendel (s.nw) – 'n Skelmstreek waarmee mense jou in dié tyd probeer vang, soos 'n produk wat talle vals beloftes maak

Aankoudend (bw) – Wanneer jy nie kan ophou kou nie

Koeshoes (s.nw/bw) – Wanneer ons koes as daar gehoes word

Moetgoed (s.nw) – Slegs noodsaaklike goedere wat tydens inperking verkoop mag word

Digi-gim (s.nw) – Fiksheidsklasse en oefeninge wat in hierdie tyd aanlyn aangebied word

Grendelgriep (s.nw) – Ons almal het grendelgriep (a.k.a. cabin fever), want ons is moeg vir isolasie

Pandemiepremie (s.nw) – Die prys wat ons gaan betaal vanweë COVID-19

GELDBESPARINGS WENKE

Of ons nou daarvan hou of nie, die alledaagse lewe raak toenemend duurder. Die meeste van ons kyk gereeld na uitgawes en probeer met nuwe idees vorendag kom om 'n bietjie geld te spaar, daarom gee ons 'n paar wenke om JOU te help geld spaar. Almal benodig 'n bietjie ekstra raad nadat die inperkingsperiode baie kontantvloei probleme veroorsaak het vir ons oorlewing nadat talle mense werkloos of sonder inkomste gelaat is. Beskou hierdie as 'n finansiële 'check-in' waar jy mooi kyk na alle aspekte van jou uitgawes in 'n huishouding, by die werk, op reis en as jy kuier, en dan nadink oor hoe jy jou maandelikse uitgawes kan verminder.

Besparing by die huis

Die grootste elektrisiteitsdief is 'n geiser. Geisers dra tot 40 persent by tot die maandelikse elektrisiteitsrekening. Die maklikste manier om hierdie koste laag te hou, is om jou geiser af te skakel as jy die huis verlaat, of andersins 'n tydskakelaar aan die geiser te koppel sodat dit slegs sekere tye van die dag verhit.

Ontkoppel huishoudelike toestelle wat nie in gebruik is nie omdat dit steeds tussen 20-30% van jou elektrisiteit kan verbruik. Soos wat ons die wintermaande nader word die gebruik van 'n elektriese kombers voorgestel eerder as om 'n verwarmer aan te skakel wat tot 4 keer meer elektrisiteit in 'n aand se tyd kan opgebruik.

Kook net genoeg water vir een koppie tee/koffie, want elke keer wat die oorvol kettel gekook word, mors jy onnodige krag. Jy kan ook besluit om eerder die ketel slegs een maal te kook en die res van die water in 'n fles te bêre. Dit is belangrik om te onthou dat dit goedkoper uitwerk om die ketel te kook as om die water op 'n stoofplaat tot kook te bring. 'n Stoof is een van die grootste elektrisiteitsverbruikers en indien dit so gedoen word, maak seker die pot is dieselfde grootte as die plaat om hitte nie verlore te laat gaan nie.

Besparing vir beter gesondheid

Hou op wegneemetes koop en drink meer water. Dink betyds aan wat jy gaan eet, sodat jy nie moeg tuis kom en 'n duur wegneemete wil hê nie. Dit is tog baie lekkerder, gesonder en goedkoper om as gesin saam te braai as om die hele gesin uit te neem na 'n deftige restaurant. Raak gewoond aan water as 'n hoofbron van hidrasie eerder as duur en ongesonde koeldrank. Jy kan R10 - R20 spaar per bottel gaskoeldrank. As jy ophou rook, kan jy op die lange duur soveel geld bespaar en dit gaan ook baie voordelig vir jou gesondheid wees. Nie net sal jou banksaldo beter lyk nie, maar jy sal ook baie gesonder voel! Bedrag wat jy kan bespaar is gemiddeld R36 per pakkie sigarette, R3700 per jaar as jy aanvaar dat jy 2 pakkies sigarette per week koop en dan heeltemal uitskakel. Weens die verkope tydens die inperkingsperiode opgeskort was is hierdie 'n goeie geleentheid om vas te byt en deur te druk om die verslawing die hok slaan.

Intekenaars by gimnasiums kan oorweeg om ledegeld van die gimnasium te spaar en eerder tuis te oefen. Vir 'n klein eenmalige belegging in 'n paar handgewigte, 'n optrekstaaf en 'n springtou, het jy genoeg toerusting om al die basiese bewegings te doen om jou liggaam fiks en fiets te hou. As jy daarvan hou om na die gimnasium te gaan, kyk of daar goedkoper pakkette beskikbaar is vir jou ouderdom of buite seisoen.

Besparing by die werk

Maak kospakkies tuis op. As jy vooruit dink en middagetes beplan, hoef jy dit nie in die duur koffiewinkel naby die werk te koop nie. Probeer 'n groot pasta maak en laat dit in die yskas staan om jou 'n paar dae te hou, eerder as om soggens inderhaas kos te kry om saam te neem werk toe. Jy kan ook geld bespaar deur die oorskiet van die vorige aand se ete te bêre en in die mikrogolf te verhit vir middagete by die werk.

Dink aan "carpool". Kombineer jou reis saam iemand wat naby jou woon. Vra rond of adverteer in die Heilbron Herald om te sien of iemand belangstel om die reiskoste heen en weer te deel.

Moenie verplig voel om werkverwante sosiale byeenkomste by te woon nie, as jou werkmaats baie uitgaan, moenie voel jy is verplig om saam te gaan nie. Kies natuurlik dié wat jy wil bywoon, maar gaan eerder reguit huis toe as om na al die ander kuiers te gaan.

Besparing op jou voertuig

'n Betroubare motor is 'n noodsaaklikheid vir almal, van die jong gesin wat skoolkar ry tot die hardwerkende professionele persoon wat vir werk pendel, maar dit kan ook 'n groot swart gat in jou geldsak los.

Ry verstandig en maak seker dat jou banddruk reg is, moenie te hard rem nie, bly binne die spoedgrense. Dit is alles dinge wat die lewe van 'n motor kan verleng en jou brandstofkoste kan bespaar. Natuurlik staan die saamry-geleenthede steeds.

Skaal af tot een motor. Het jou huishouding regtig twee of meer motors nodig? Een van julle kan oorweeg om te stap of fiets te ry werk toe as 'n alternatief. Jy is gewaarborg om 50% op motorkoste te spaar.

Hou jou voertuig in stand en in 'n goeie toestand, om onnodige rekeninge in die toekoms te vermy. Deur na jou motor om te sien, kry jy langer en beter diens daaruit.

Besparing vir jou sosiaal en gesinslewe

Sosiale media - Teksklets is deesdae baie gewild en met goeie rede. Jy bespaar geweldige bedrae om so te gesels en om in kontak te bly - dit is selfs goedkoper as SMS. As jy een van daardie slimfone het wat twee simkaarte neem, kan jy een gebruik vir oproepe en die ander streng vir data en jou WhatsApp. Indien jy baie data gebruik gedurende 'n maand en altyd aktief is aanlyn, oorweeg dalk 'n datapakket met onbeperkte hoeveelheid data – sodoende spaar die huishouding geld.

Hou vakansie naby die huis, want daar is baie plekke in die omgewing om te geniet, dit is nie altyd nodig dat jy ver of na 'n ander land moet reis om 'n vakansie te geniet nie. Vir vakansiepret, huur eerder DVD's en vermy die teater of bioskoop.

Koop by vlooimarkte, want dit is 'n uitstekende plek om vir 'n prys te beding. Die persoon by elke klein stalletjie is gewoonlik hul eie baas. Hulle stel die prys vas, en dit beteken dat hulle dit kan verander. Voordat jy onderhandel, moet jy self besluit hoeveel jy bereid is om te betaal. Jy moet duidelik wees oor twee dinge. Eerstens, wat jy kan bekostig, en tweedens, die lopende prys. Vind uit wat die meeste mense vir dieselfde item betaal.

Hierdie is slegs 'n paar wenke wat jy kan probeer om te werk aan elke sent van jou salaris, maar daar is natuurlik nog soveel meer wat oorweeg kan word. Beplanning, herwinning en geskenkbewyse is om maar net nog 'n paar om te noem. Probeer egter wat vir jou werk!

HELDE TREK DIEF VAS

Op die foto vl: Kosie Ferrera, André Muller en Dirk Muller

Woensdagoggend, 22 April 2020 merk die werkernemers by Dr. Baan se praktyk dat van die hakies waarmee die buiteligte vasgemaak is, los hang en dat van die ligte by die parkeerarea weg is. Die polisie en betrokke sekuriteit het die perseel besoek en vingerafdrukke en voetspore gekry. Dit is nie die eerste keer wat hierdie ligte verdwyn nie en dit was moontlik dieselfde persoon wat herhaaldelik die donker na vore bring. Die volgende dag het Dr. Marge Baan, Heilbron se tandarts, dit nie daar gelaat nie en André en Dirk Muller se hulp ingeroep na aanleiding van al die goeie stories van die diewe wat hulle vantevore laat les opsê het. Vrydag was hulle aktief in die omgewing van Breëstraat en het ook 'n ogie gegooi oor die praktyk. Nadat Marge vir André gevra het om tot haar redding te kom, het hy met sekerheid aan haar gesê dat die oortreder vasgekeer sal word. 'n Sensorlig het Vrydag vinnig aan en-afgegaan en Dirk het met 'n opgewonde stem gesê dat hy nou hier is. Soos André beloof het, het die twee met die hulp van Kosie Ferreira, die dief op heterdaad betrap waar hy besig was om die laaste lig af te steel. Hy wou om die gebou hardloop en ontsnap, maar André was hom een voor en het hom by die ander uitgang platgetrek. Die lig is teruggevind en die man is gearresteer. Klaarblyklik is die einste dief drie maande gelede vrygelaat en keer nou terug na sy ou gewoontes. Hiermee toon Dr. Baan en die res van die praktyk groot waardering vir hierdie helde van die dorp.

Tiane, Claudine en Paul Steyn

Na 'n goeie reënseisoen in die Oos-Vrystaat het die kosmosse mooi geblom. Die foto is geneem tussen Heilbron en Frankfort op die plaas van Annette en Petrus Steyn.

UIT DIE PEN:

WEEK 5

Ek kry gister twee ontstellende WhatsApps.

Die eerste is 'n stempos vanaf iemand in 'n buurt nie ver van waar ons woon nie. Die manlike stem gee sy naam en van, vertel van waar af hy bel, gee die datum, om enige verwarring te voorkom.

Daar is groepe plakkers wat in die strate loop en wanneer mense stop, eis hulle geld of kos. Maar meestal geld. Daar word verwag dat die groepe uiteindelik een groot groep gaan vorm en skade gaan aanrig. Ek het hierdie stemnota met effense ongeloof beheen.

Totdat ek die volgende oggend 'n boodskap vanuit 'n kennis in Europa ontvang: Daar is enkele straatmense wat by 'n bekende inkopiesentrum so 5 km van ons af, agter die pilare wegkruip, en wanneer mense stop, dieselfde eis: geld en kos.

Hoe het ons tot hier gekom? Die regering het dan al hierdie planne gehad en gepropageer dat elkeen 'n HOP huis sal kry met lopende water en elektrisiteit vir basiese gebruik.

Diepsloot is die eerste *township* wat sedert demokrasie gestig is. Naby die ryk uitbereidings, Dainfern en Steyn City in Johannesburg. Oorsponklik net as 'n deurgangsroete vir mense wat vanaf Zevenfontein verskuif is. Onbetroubare statistiek wil dit hê dat daar ongeveer 150 000 mense woon, baie van hulle in 6 vierkante meter *shacks* gebou van oorskiet metaal, hout, plastiek en karton. Meestal sonder lopende water, riolering en vullisverwydering.

Dit is 'n misdaadmekka, geweld-dadige optogte en dit verg net een klein vonkie om 'n opstand te inisieer. Baie van die inwoners is nie onderrig nie en het dus 'n kleiner kans om werk te kry.

Komende van 'n *township* wat deur die huidige regering gestig is.

Hoe het dit gebeur dat 'n regering wat propageer dat "hulle mense" eerste in die ry staan om gehelp te word, vergeet word deur die *powers that be?* Waar is al die programme waarin belê is en waarmee die kiesers heuning om die mond gesmeer is?

En nou moet ons bydra tot die regering se Solidariteitsfonds (en dit moenie verwar word met Solidariteit nie). Daar word groot gewag gemaak van hierdie persoon en daardie rugbyspan wat 25% van hulle salaris skenk vir die fonds. Dit word op baie platforms geadverteer. Wat 'n edele gedagte is. Ryk sakemanne soos Patrice Motsepe, die Oppenheimers en die EFF-gehate Ruperts was van die eerstes wat skenkings gemaak het. Baie dankie aan hulle.

Toe wonder ek: wat gaan gebeur indien salaristrekkers verplig word om daartoe by te dra? Ek sou gewis. Al ondersteun ek my huiswerker wat een keer per week ons klere kom stryk en die paslakens netjies opvou (daar is drie dinge wat ek glad nie kan doen nie: ek kan nie fugde maak nie, nie krummelpap van fyn mieliemeel maak nie en kan nie 'n paslaken opvou nie. Ek het al daarmee vrede gemaak.) Sy kry nie net haar salaris vir een dag per week nie, sy kry baie meer. Want hoe sal die arme vrou en haar drie familielede oorleef? Verder ondersteun ek ook ons vorige gemeente, sonder dat iemand daarvoor gevra het. Ek moet, want ek kan.

Om dus nog 25% van my salaris in 'n fonds te stort sal moontlik wees, nie maklik nie.

Maar wanneer gaan ons hoor van die agbare ministers wat dieselfde doen? Wanneer gaan hulle hulle netjiese, luukse, Duitse motors opgee en daardie geld in die Solidariteitsfonds stort?

Wanneer gaan die agbare ministers regtig 'n voorbeeld word in hierdie "anderster" tyd? Neem nou maar die minister van Kommunikasie, Stella Ndabeni-Abrahams. Sy kondig aan dat die tuisbly van landsburgers in openbare belang is. En net daarna gaan kuier sy by die gewese adjunkminister, Manana, en, om alles te kroon, pos sy fotos daarvan op haar sosiale mediaplatform. Ook maar lekker *stupid*. Toe die land haar uitvang, krabbel sy gou-gou 'n verskoninkie en lees dit *bla bla bla* af terwyl haar hart nie in haar verskoning is nie.

En kry R1500 boete. Sies tog.

Maar noudat ek my hart uitgepraat het, en steeds in angs en bewing wag dat die parlement hulle 25% oorbetaal (en ons daarvan inlig – hulle wil mos ook hulle 15 minutes of *fame* hê, aldus Andy Warhol).

Nietemin. Ek het weer 'n spik-splinternuwe resep probeer. Eers het ek 'n boksie koekmengsel gekoop om Lava Cakes te maak, maar toe vind ek hierdie een op die internet. Ek sal twee voortande daarvoor gee. Dan sal ek van die Solidariteitsfonds gebuik moet maak om die tande te vervang.

Hier kom hy:

170 g sjokolade, in stukkies gebreek (die oorspronklike resep sê jy moet Lindt gebruik, maar ek sal nog 25% by my salaris moet bykry voordat ek dit sal kan bekostig!)

115 g botter, 35 g koekmeel (ja, omtrent net 'n druppel)

100 g strooisuiker, Knippie sout, 3 groot eiers

So 6 tl Katjiebotter (grondboontjiebotter)

Berei 4 - 6 ramekins voor, afhangend van die grootte: spuit of smeer mildelik met olie of botter en sif kakao daaroor. Dis nogal belangrik, het ek agtergekom. Stel die oond op 210°C. Meng die droë bestanddele. Sit die sjokolade onderin 'n bakkie en plaas die botter bo-op dit. Smelt dit oor lae hitte in die mikrogolfoond. Maak seker dat dit nie brand nie, roer gereeld. Klits die eiers goed. Voeg die eiers by die droë bestanddele en voeg die sjokoladebotter by. Klits goed. Gooi die ramekins so ¾ vol met die beslag en sit 'n teelepel Katjiebotter bo-op. Dit behoort amper-amper in te sak. Bak vir 12 – 13 minute totdat die kante lyk asof dit gaar is. Laat vir so 2 minute afkoel en keer dit uit. Gryp jou lepel en vat die eerste skeppie: die sagte binnekant sal uitloop en jou laat kwyl. Natuurlik kan jy 'n bol roomys daarby bedien. Maar eet eers die eerste een alleen op. Ek sal nie sê as jy nie sal sê nie. Dit is ook baie *goo-ye* lekker wanneer dit yskoud is.

NS: Ter verdediging van myself: ek het verlede week se vingerfout op die sakrekenaar reggemaak, en die nuwe antwoord aangaande die R500 miljard betyds gestuur.

KERKNUUS

NG MOEDERGEMEENTE
Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

NG SUID
Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

GEREFORMEERDE KERK
Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK
Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

AGS, PLEINSTRAAT 72
Eredienste - Kontak u pastoor vir enige navrae.

CHRISTUS GEMEENTE
Eredienste - Kontak u pastoor vir enige navrae.

AP-KERK
Eredienste - Kontak u predikant vir enige navrae.

METHODIST CHURCH
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA
Eredienste - Kontak M.P. Malindi 078 054 2862

EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE
Kontak pastoor.

EVANGELIES GEREFORMEERDE KERK FRANKFORT (MARKSTRAAT 20)
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

AGS PETRUS STEYN
Kontak Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477

PENTECOSTAL CENTRE
(Assemblies of God, Sandersville)
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

AGS KERK SANDERSVILLE
Kontak: P. van Staden

CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of
Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT
Navrae: JC Smith 063 247 4774

DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283

GEMEENSKAPSNUUS

RIEMLAND MUSEUM
Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius
082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

Op en Wakker Dienssentrum
vir Bejaardes Reitz
Kontak: Petro Pretorius
082 325 1322

HEILBRON DIENSSENTRUM
Breëstraat 57, Heilbron
• Tel: 072 220 7272

HERALD

SMALLS

DIENSTE

GiG Technologies (Pty) Ltd
Jenny Wireless Internet
www.jenny.co.za
087 170 0000
• Alarm Systems • Web Development
• Computer Products • Internet Service
• Computer Repairs • CCTV Installations
Contact us for all your technical needs!
Address: 072 840 4455 Hoedspruit: 074 279 0993
Mail: info@gigtechnologies.co.za

Muller DRAAIWERKE
Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

Latest Releases
Late-Nite Video
Heilbron
Frozen 2
Poppie Nongena
Knives out
Ons is oop vanaf 1 Mei
Kerkstraat 42 C / 42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes - 083 308 9159

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com

Vir sny-, hark- en baalwerk. Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553.

Heilbron • Edenville • Frankfort

Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067

Vir die vervoer van vee en graan asook algemene vervoer met vrag versekering kontak Jacques 0826263215
Juané Vervoer
082 626 3215

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE
- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Celéste** herald@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes ens.)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za (Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

WEERVOORSPELLING

Vr 1 Mei	5 / 22	Sonnig
Sa 2 Mei	6 / 23	Sonnig
So 3 Mei	8 / 24	Sonnig
Ma 4 Mei	8 / 25	Sonnig
Di 5 Mei	4 / 25	Sonnig
Wo 6 Mei	4/ 23	Gedeeltelik bewolk
Do 7 Mei	3 / 23	Sonnig
Vr 8 Mei	6 / 21	Gedeeltlik bewolk
Sa 9 Mei	7 / 21	Sonnig
So 10 Mei	7 / 22	Sonnig
Ma 11 Mei	7 / 22	Sonnig

KORONATOETS

Het jy 'n hoes?	1
Het jy verkoue?	1
Het jy diaree?	1
Het jy 'n seerkeel?	1
Het jy lyfseer?	1
Het jy hoofpyne?	1
Het jy 'n koors? (hoër as 37.8°C)	1
Sukkel jy om asem te haal?	2
Is jy baie moeg?	2
Het jy gereis in die afgelope 14 dae?	3
Reis jy gereeld in Covid-19-besmette gebiede?	3
Het jy kontak met iemand wat 'n besmette persoon versorg?	3

Merk die punt wat langs die vraag staan en tel dit bymekaar
UITSLAE
0-2 Lae risiko, dit kan stresverwante simptome wees
3-5 Hidreer en pas persoonlike higiëne toe. Hou jouself dop
6-12 Kontak u dokter
12-24 Skakel die COVID-19 noodlyn: 080 002 9999
of
Gaan kyk ook na die aanlyntoets by **https://t.co/xFzIqsGaeB**

TE KOOP

Geringhoff 5 x 1.5m plukkerkop. Puik toestand. Kontak: Johan 082 550 7191

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

MOEDERSDAG
SONDAG
10 MEI

AANDAG: Indien u enige REGS-ADVERTENSIE of ANDER ADVERTENSIE per epos of faks stuur, maak asseblief seker dat u 'n ONTVANGS-ERKENNING kry om enige probleme vroegtydig uit die weg te ruim.

VRYHEIDSDAG SONDER VRYHEID

Dit is baie ironies dat Suid-Afrikaners vanjaar Vryheidsdag sonder veel vryhede gedenk het. Dit lei egter daartoe dat mense die begrip van die ware betekenis beter verstaan en hoe belangrik vryheid werklik is. Vryheidsdag is 'n Suid-Afrikaanse openbare vakansiedag wat jaarliks op 27 April herdenk word ter herinnering aan die land se eerste demokratiese verkiesing wat gehou is in 1994.

Maandag moes talle mense egter eers op die kalender kyk om te besef watter dag dit is en dan nog ook dat dit 'n vakansiedag is. Dit is weens die grendeltydperk waarin Suid-Afrikaners tans vasgevang is dat mense nie tred hou met die verloop van die dae nie. Meeste mense onthou steeds daardie dag van lang toue in stemlokale, goedgesindheid en die gevoel van 'n nuwe begin. Die begrip van vryheid is sentraal in die Grondwet en kom talle kere voor in die Handves van Regte. As 'n positiewe aspek van die globale inperkingsperiode kan gesien word dat Moeder Natuur wêreldwyd 'n blaaskans kry om te herstel van die menslike invloed daarop. Die tyd sal aanbreek dat Suid-Afrika weer vry sal wees van die inperkings wat die korona-virus op vryhede plaas. Suid-Afrika betree môre op 1 Mei Fase 4 van die inperkingsperiode. Daar word onderskei tussen die verskillende fases wat by Fase 5 begin en strek tot by Fase 1, die fase met die minste inperking. Môre is 'n nasionale vakansiedag en dit word ook sedert 1994 in Suid Afrika jaarliks op 1 Mei gedenk. Dit het sy oorsprong in die internasionale stryd van werkers en hul vakbonde vir solidariteit tussen werkers, hul soeke na regverdige indiensneming en die vestiging van menseregte en werkerregte in die werkplek.

Hiermee word almal se aandag weer daarop gevestig dat dit steeds belangrik is om reis en beweging te beperk. Indien jy nie 'n noodsaaklike werker is, of nie deel is van die geprioritiseerde industrie nie, bly steeds tuis. Op 1 Mei word die grendeltyd se maatreëls verlig, maar die stryd is soos ter sprake nog lank nie verby nie.

BRIEWE AAN REDAKTEUR

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

Met die inperking tydens die Covid-19 virus het dit my baie diep laat nadink. Vir almal het dit onverwags gekom. Ek het tot die besef gekom dat die Here hard met ons praat, met almal dwars oor die wêreld, ek sluit myself ook in. Omtrent alle deure op alle terreine, is gesluit, oa ook die Kerkdeure, maar dit keer nie die verkondiging van die Woord van die Here nie, dit gaan voort. Genadiglik het die Here wat getrou is dit voortgesit, want die Hemelse deur het Hy nie gesluit nie, ons het nog steeds toegang daardeur, om met ons Hemelse Vader te praat, maar ons kan in eerbied vra: ”Here, wat wil U vir ons sê met al hierdie gebeure?” Gaan ons dit ter harte neem, en stil word om Sy stem te hoor? Ongelukkig hoor ons steeds van opstande, geweld, plundering, en tragies die moontlike moord van 'n onskuldige ou dogtertjie, ens. Verstaan diegene nie die boodskap of gebeure nie? Het knie-werk, vir ons soos nooit tevore, nog nodiger geword nie? Wat vir my egter wonderlik is, is dat daar baie oop harte en hande is wat hul ontferm oor die haweloses en hongerlydendes. Ons harte gaan egter uit na hulle wat groot verlies gely het en nog ly, want hulle inkomste is afgesny. Hulle het ons knie-werk baie nodig. Waarom dit gebeur het sal ons nie verstaan nie. Hoop die uitkoms gaan gou kom.

Sterkte. Heléne Howell

Daar is niemand wat daar is om te luister, tog is daar iemand wat 'n oor het wat altyd luister.

Bron onbekend.

Augustinus:

Jy moet die verlede aan God se Genade toevertrou, die hede aan Sy liefde, en die toekoms aan Sy voorsienigheid. Fil 4:19

Ingestuur deur Heléne Howell.

Johannes 19:26-27

Daar is net een moeder in 'n mens se lewe. Die man is die hoof van die huis, en die moeder is die hart. 'n Digter het eenmaal gesê: God kan nie orals wees nie, daarom het Hy moeders geskep. (Ons weet darem God is orals en altyd daar.) Martin Luther het 'n pragtige beeld gebruik: “Wees dankbaar dat jy 'n moeder gehad het wat vir jou baie liefde gegee het." Hy het ook gesê: soos 'n baksteen wat die hele dag in die son gelê het – lank nadat die son onder was, was die baksteen nog louwarm. Dit het die hitte van die dag in hom opgeneem. So is dit as jy 'n moeder gehad het wat vir jou liefgehad het. Jy het haar “warmte” in jou opgeneem, aangevoel, lank na haar dood is daar nog 'n na-gloed van haar liefde in jou hart. Jy is 'n mens wat liefde kan gee, omdat jy so baie ontvang het. 'n Mens het gehoor van soldate wat aan die front in die koeëlreën van die vyand met uitroepe na hulle moeders gesterf het. Ek het self by die sterfbed van 2 bejaardes gestaan wat op hulle laaste nie na 'n eggenoot of kind geroep het nie, maar na hulle moeders wat na aan hulle was met haar liefde. Pous Pius IX het gesê: “Gee my net een waaragtige Christelike moeder en ek sal die sinkende wêreld kan red.” Dat Jesus een van Sy Kruiswoorde aan sy moeder gewy het, spreek van die baie spesiale plek wat sy in Sy hart ingeneem het.

Gebed: “ Dankie ons Vader vir my moeder en die inspirasie van haar liefde.” Amen

Bron uit een of ander blaadjie geneem.

Ingestuur deur Heléne Howell.

VKB-SOLIDARITEITSFONDS

Na die video van Besturende Direkteur VKB Groep, Koos Janse van Rensburg

"VKB Boere, ons lewe in uitdagende en snelveranderende omstandighede. Toe hierdie jaar begin het was ons net vaagweg bewus van 'n virus genaamd COVID-19. Nie een van ons het op die eerste Januarie 2020 voorsien wat 'n enorme impak die virus op ons persoonlike lewens, op ons besighede sowel as op VKB sou hê nie. Hierdie virus word deur ekonome geraam dat dit groter is as die impak van die vorige wêreldoorlog op die wêreldekonomie. Suid-Afrika as 'n ontluikende ekonomie is meer kwesbaar as die groot ekonomiee van ons wêreld en hierdie virus gaan 'n baie groter impak en meer nadelige effek op elkeen van ons lewens hê as wat ons na die ontwikkelde wêreld kyk. Ongelukkig is dit so dat besighede gaan moet rasionaliseer en aanpas by die verlaagde vraag na hul produkte. Sommige besighede, ongelukkig, gaan nie hierdie ekonomiese krisis oorleef nie. Wat is die gevolg van hierdie ekonomiese krisis? Die gevolg is eenvoudig dat grootskaalse werkloosheid gaan ontstaan. Saam met werkloosheid gaan armoede gepaard en op die ou end gaan armoede veroorsaak dat daar honger mense is en honger mense kan weer oorgaan na desperate optredes, soos wat ons alreeds in plekke van ons land waargeneem het. Om 'n humanitêre krisis af te weer, het Agbiz 'n groot projek geloods saam met die georganiseerde landbou en ook saam met ander rolspelers binne die landbouwaardeketting. Wat behels hierdie projek? U as boere, ons versoek u om 'n hektaar se produk te skenk. Ek besef 'n hektaar se opbrengs is 'n relatiewe begrip. So die van u wat nie kans sien om 'n hektaar se opbrengs te skenk nie, of vir die wat dalk kans sien om meer as 'n hektaar se opbrengs te skenk, ons vra u vir 'n vrywillige bydrae. Die van u wat nie graangewasse produseer nie, ons sal ook die geleentheid skep dat u 'n kontant bydrae of enige ander bydrae kan maak tot hierdie solidariteitsfonds. Wat doen ons as landboubesighede? VKB sal vir u 'n leweringsnommer gee waarop u u produkte kan lewer. Van VKB se kant af sal daar geen berging- en hanteringkoste op hierdie rekening se opbrengs gehef word nie. Ons sal dan u skenking, of dit nou soya-mielies, geelmielies of witmielies is, omskep in witmielies en met hierdie witmielies sal ons dan sorg vir die logistiek, sodat dit op die ou end by die meulens gelewer word. Die meulens sal van hulle kant af hierdie mielies vrywillig maal en slegs die chop neem as delging van hul mees direkte koste hieraan verbonde. Hulle sal dan die meel vir ons verpak in klein verpakkings en ons sal dan hierdie klein verpakkings meel deur verskillende kerk denominasies na die behoeftige mense van hierdie land kanaliseer. Hierdie is 'n geleentheid vir ons as die hele landbou-industrie, om ons hand op te steek en te sê ons luister na die roepstem of eerder die pleitstem van die arm mense van hierdie land. Dit is ons geleentheid om in elke Suid-Afrikaaner se hart te kruip en vir hulle te wys dat die landbouprodusent die oplossing is vir hul mees basiese behoefte, naamlik voedsel. Dit is ook vir ons 'n geleentheid om te wys dat ons kan saamstaan en dat ons ook ons president kan ondersteun in sy oproep om die land se arm mense te help tydens hierdie krisis. Daar is 'n gesegde wat sê: 'n mens kan nie rustig slaap terwyl jou buurman van honger wakker lê nie'. Ek dink dit is ook iets wat ons in ons agterkoppe moet hou wanneer ons genader word vir 'n soek om regtig aan desperate mense se behoeftes te voldoen. Ek maak staat op elkeen van u se bydrae en om elkeen van u, saam met ons en die res van die landbouwaardeketting se insette om van hierdie grootste projek 'n groot sukses te maak. Baie sterkte met u take op die plaas. Ons hoop dat u en u werknemers se gesondheid nog onongetas is deur hierdie virus en ons sien uit na 'n beter jaar vir die res van die jaar. VKB groete."

IT'S A MESS OUT THERE NOW

Hard to discern between what's a real threat and what is just simple panic and hysteria. For a small amount of perspective at this moment, imagine you were born in 1900. On your 14th birthday, World War I starts, and ends on your 18th birthday. 22 million people perish in that war. Later in the year, a Spanish Flu epidemic hits the planet and runs until your 20th birthday. 50 million people die from it in those two years. Yes, 50 million. On your 29th birthday, the Great Depression begins. Unemployment hits 25%, the World GDP drops 27%. That runs until you are 33. The country nearly collapses along with the world economy. When you turn 39, World War II starts. You aren't even over the hill yet. And don't try to catch your breath. On your 41st birthday, the United States is fully pulled into WWII. Between your 39th and 45th birthday, 75 million people perish in the war. At 50, the Korean War starts. 5 million perish. At 55 the Vietnam War begins and doesn't end for 20 years. 4 million people perish in that conflict. On your 62nd birthday you have the Cuban Missile Crisis, a tipping point in the Cold War. Life on our planet, as we know it, should have ended. Great leaders prevented that from happening. When you turn 75, the Vietnam War finally ends. Think of everyone on the planet born in 1900. How do you survive all of that? When you were a kid in 1985 and didn't think your 85 year old grandparent understood how hard school was. And how mean that kid in your class was. Yet they survived through everything listed above. Perspective is an amazing art. Refined as time goes on, and enlightening like you wouldn't believe. Let's try and keep things in perspective. Let's be smart, help each other out.

HIÉR KAN JY VAN HULP WEES!

Hierdie pandemie, COVID-19 of Korona-virus het diep in ons lewens posgevat. Groot ontwrigting oor die wêreld heen. Miljoene mense se lewens is ontwrig. Baie sterftes 'n realiteit. Begrafnisse sonder nodige eerbied, alledaags. Soveel hartseer, soveel spanning en seerkry.
Ons besef en hoor gedurig…niks gaan ooit weer dieselfde wees nie! Ironies nê? Armoede en swaarkry is meeste van ons inwoners se voorland. Hiermee saam loop misdaad, honger en korrupsie!
Die gemeenskap oral oor sal weer moet opstaan, hande vat en saamwerk. Dissipline moet herstel. Armes en minderbevoorregtes moet ondersteuning kry, veral na ons kinders moet omesien word. Dis nou die tyd om hande te vat!
Samewerking!
VVA Heilbron lewer reeds 'n diens vanaf 1908. Ons pioniersmanne en -vroue het leiding gegee, gestig deur Pres. Steyn het vroue soos Sofie Weilbach en Annatjie du Preez vir jare toegewyd die leisels geneem. Hulle het soos nog baie ander, voortou geneem. 'n Lewe gewy aan diens van behoeftiges. Ongelukkig, net soos vandag, met min ondersteuning. Hierdie mense moet kos kry, ook net so belangrik – opleiding, en soms opvoeding. Mense moet bemagtig word om selfversorgend te wees en hulle kinders op te voed.
Annatjie du Preez het jare gelede die huis, na haar vernoem, gekoop vir gebruik. Hier het ons baie nodige toerusting om klas te gee vir verskeie aspekte. Kry ons steeds twee-maal per week kliënte en doen opleiding, dit werk uitstekend! Hierdie mense word geestelik verryk, meeste van hulle word so afhanklik van hierdie samesyn, wat vir hul soos 'n toevlugsoord voel. Gepaardgaande kry die bestuur geleentheid om kinders se opvoeding en vordering te monitor. Stuur ons hul na die kleuterskool, menige kleingoed is al hierdeur 'n baie beter kans gegun. Daar is 'n legio voordele. Voedselpakkie alleen is nie voldoende nie. Gee hule menswaardigheid terug. Gee ook 'n stok om vis te vang. Hierdie organisasie is NPO, m.a.w. nie-winsgewend. Howel ons probeer om selfversorgend te wees, kry ons ook donasies van gemeenskap bv. ou klere, ens. Asook van NG-kerke in Heilbron waarvoor ons baie dankbaar is. Die artikels wat gemaak word, verkoop ons en doen ook fondsinsamelings vir die kospakkies wat weekliks gegee word. Grootste probleem is tekort aan vrywilligers. Dit is asof alles braak lê a.g.v. tekort aan hande. Asseblief mense, hier is 'n organisasie met alles in plek! Kom ons werk saam! *VVA-groete*

HERALD SPORT

LOCKDOWN SE REËNVAL OPPAD NA REKORD!

Die reënvalmeter het Maandag bykans oorgeloop na Sondagaand se reën - ja nee, Heilbron se rekord reënval vir April wat op 147 mm staan kan dalk nog oortref word - dit bestaan sedert 1938 - daar is dus nog 3 dae oor en die weervoorspellings lyk gunstig!

Die reënvalsyfer sedert 1930 wys dat daar in die tydperk nog slegs vier keer meer as 100 mm aangeteken is nl 1938, 1943, 1961, en 1969 toe daar 103.9 mm gemeet is. Interessant is dat die jare met goeie herfsreën ook goeie somerreëns gepaard gegaan het.

Die aanplanting van winter groenvoer kan vanjaar suksesvol wees - soos my vriend Jan Slootkraal tereg gese het "jy kan hawer heeljaar plant, net nie op Kersdag nie"!

Dit bring my weer terug na die stadsraadslid wat 'n verkiesing verloor het omrede hy van mening was dat die huidige tehuis vir bejaardes daar onderkant die huidige OK kruidenierswinkel gebou moes word.

Henk Bogaards wat 'n raadslid van Heilbron was en weer beskikbaar was met die daaropvolgende raadsverkiesing het aanbeveel dat die oop terrein onderkant die OK winkel die geskikste perseel was. Gesondheid was ook sy portefeulje op die Raad.

Die bejaardes was hewig ongelukkig omrede hulle van mening was dat daar in die leegte baie muskiete was en dit was ook regoor die begraafplaas! Dit was toe ook die einde van sy Stadsraad-loopbaan.

Henk Bogaards was 'n vooruitstrewende sakeman en het 'n groot rol gespeel om die Geref. Kerk op Heilbron te vestig. Hy was 'n immigrant van Holland en het Suid-Afrika as sy vaderland aangeneem en hom beywer vir Heilbron. Beter bekend as bakker en eienaar van Riemland Bakkery was sy "hoefies" en ander gebak wyd bekend. Sy vloot VW Mikrobussies het brood regoor die Noord-Vrystaat versprei.

Die Hoërskool-leerlinge het saans na 'n funksie by hom gaan vars warm brood "koop" en dan op die sypaadjie gesit en kuier. Hulle moet nou nog betaal daarvoor. Dit was Henk Bogaards. Dan was hy ook as Raadslid beskermheer van Heilbron se eerste ambulans.

Het nogal terugvoering gekry na aanleiding van die berig oor Heilbron se "1933 Noodhospitaal" waar verskeie name van vrywillige werkers genoem word.

Daar word die naam genoem van H. Ramsbottom wat 'n geneesheer was en ook later as regter aangestel is. Hy het as geneesheer praktiseer. Die Noodhospitaal is opgerig na aanleiding van die dood van 'n vrou in 1917 wat ontneem is van alle professionele hulp en omstandighede.

Daar is destyds twee publieke vergaderings gehou om 'n hospitaal te bespreek - een vir dorpenaars en een vir distriksbewoners. Dr Ramsbottom en mnr W. Wright het aanwesiges toegespreek. Dr Ramsbottom wat lid was van die komitee het dadelik begin fondse insamel in die dorp en distrik. Toe die fondse dit toelaat is die Provinsiale Administrasie genader om Heilbron toe te laat as 'n hospitaaldistrik.

Dit was die begin van die huidige hospitaal wat in 1936 tot stand gekom het.

'n Ander naam wat genoem was naamlik Ben Simon, was 'n Joodse prokureur. Hy het jare lank op Heilbron praktiseer en is ook hier

Henk Bogaards

teraardebestel. Oom Ben soos hy beter bekend geraak het onder inwoners was 'n Heilbronner. Hy was 'n uitstaande sportman wat ook op die Vrystaatse tennis-unie gedien het. Tennis was sy liefde maar het ook vir Heilbron se eerste rugbyspan gespeel.

Net iets wat ek onthou en indruk op my gelaat het was tydens 'n veiling wat hy aangebied het met die uitverkoping van winkel-voorraad. Daar staan hy met 'n Bybel in die hand en vra wie wil die Bybel hê, wie het 'n behoefte, want hy verkoop nie 'n Bybel nie. 'n Teruggetrokke man steek sy hand beskeie op en oom Ben sê "dit is joune"!

Die lockdown het sy oomblikke – Saudade – "a vague and constant desire for something that does not and probably cannot exist, for something other than the present"!

Time gentlemen! ***- Tom Watson***

JAGSEISOEN

Met 'n nuusbrief uitgereik deur National Hunting and Shooting Assosiation (NHSA) op 22 April 2020 is daar meer duidelikheid gegee oor jag tydens die COVID-19 inperkings-periode en daarna. April is oor die algemeen 'n opwindende maand in die buitelewe met veelvuldige vis- en jagseisoene naby aan die afskop, maar onder die COVID-19-uitbraak het die lekker buitelewe baie verander. Tydens 'n onlangse bespreking tussen verteenwoordigers van die forum vir Hunting and Wildlife Associations Forum (HAWASA), the Professional Hunters Association of South Africa (PHASA), Wildlife Ranching South Africa (WRSA), and the Game Meat Industry Forum (GMIF) met Minister Barbara Creecy, Minister van Omgewingsake, Bosbou en Visserye, het die Minister gesê dat jag nie 'n wettige noodsaaklike diensaktiwiteit is nie of dit nou vir verbruik of trofeejag is. Sy het egter aangedui dat die wettige uitroei van wild vir die spesifieke doel om wildsvleis te lewer, toegelaat word. HAWASA, voorsitter, mnr. Stephen Palos, het na die vergadering berig dat "... sy het ook aangedui dat selfs wanneer die toename in beperkings begin, sal dit nog lank duur voordat ontspannings tipe reis vanaf stedelike/metro-streke na landelike gebiede sal plaasvind of toegelaat word om watter rede ook al. " As gevolg van die verwagte beperkinge op reis tussen metropolitaanse en stedelike gebiede om in plek te bly, blyk dit dat die kanse op jag in 2020, soos ons dit ken, baie skraal is. In hierdie geval neem toeriste- en wildplaaseienaars 'n baie ernstige slag. "In die geval van wettige DCA of afdankingsaktiwiteite, moet die grondeienaar / -boerdery die belangrikste noodsaaklike diensinisieerder van die aktiwiteit wees, en die entiteit wees wat die nodige toestemmings uitreik wat gedek word deur sy eie vrystellingsertifikaat. Die deelnemers aan die uitwissing of bestuur van die DCA-aktiwiteit val dus onder daardie wettige toestemmings en sal die nodige briewe benodig om dit te bevestig," het Palos berig. Die voorstel is dat, as lede betrokke is by bogenoemde aktiwiteite, "... hulle versigtig moet wees en waar moontlik moet hulle probeer om 'n vorm van goedkeuring van plaaslike wetstoepassing te kry as 'n ekstra voorsorgmaatreël, selfs al is dit slegs mondelings van 'n senior amptenaar ...". In terme van die voedselproduksieketting met wildsvleis wat as 'n noodsaaklike kommoditeit (voedsel) gekwalifiseer is, vervaardig binne die noodsaaklike diens van wildbestuur, het Me Adri Kitshoff-Botha, uitvoerende hoof van WRSA en voorsitter van die GMIF, die volgende aangedui tydens bogenoemde vergadering: '... die Minister het aangemoedig dat die produksie van wildsvleis soos normaal verloop. Wildsboere moet dus voortgaan om hul diere aan geregistreerde slagpale te verkoop, soos voorheen, of alternatiewelik gebruik te maak van geregistreerde uitdunspanne. Dit is belangrik om daarop te let dat die uitdun van wild vir wildsvleisdoeleindes ... " nie die uitdun insluit vir eie gebruik of deur trofeejagters onderneem word nie". Lede vir wie bogenoemde van toepassing is, moet asseblief onthou dat wetstoepassers dikwels nie beskik oor feitelike inligting nie en nie altyd die presiese besonderhede verstaan van elke jag, uitdun of skade beheer waarby jagters betrokke is nie. Daarom is dit heel moontlik dat selfs in wettige omstandighede jagters in ernstige probleme op ongewenste tye en plekke kan laat. Ons raai u aan dat jagters na wie hierbo verwys word, net moet deelneem aan die mees noodsaaklike aktiwiteite, en verkieslik in die nabye omgewing van waar u is. Sorg ook dat alle dokumente in plek is, en dat die gedetailleerde adresse aangedui is. Dit is belangrik om die wildspraktyk in Suid-Afrika nie met dié van China, die Midde-Ooste en Afrika te vergelyk in terme van die Covid-19 pandemie nie.